## Rig jou lewe in volgens die wil van God

**Lees: Jakobus 2: 1 – 13 Teks: Jakobus 2: 12**

Hoe besluit jy dat jy van iemand hou of nie hou nie? Meestal gaan jou besluit oor uiterlike dinge. Dit kan kleredrag wees, of die manier hoe die hare gesny of gekam is. Dit gaan oor eerste indrukke wanneer daardie persoon vir die eerste keer gesien word. Slordige klere of hare wat nie netjies gekam is nie, maak dat daar iets van 'n afsku in so 'n persoon is.

Hier het ons ten diepste te doen met vooroordele en diskriminasie. Ons kry dit op verskillende gebiede:
Op Kerklike gebied: Jode, Katolieke, Jehovas.
Op kulturele gebied: ras, velkleur en taal.
Op ekonomiese gebied: ryk en arm.

Diskriminasie is nie iets nuut nie. Ons kry dit alreeds in die Bybel. Farisieërs en tollenaars, rykes en armes, Jood en nie Jood. Hierdie onderwerp word hier in Jakobus 2 ook aangeraak.

Jakobus sluit in hoofstuk 2 aan by 1: 22 waarin hy die mense oproep om nie net hoorders van die Woord te wees nie maar ook daders van die Woord.

In vers 5 van ons gelese gedeelte word daar gepraat dat God sy kinders uitkies om Syne te wees. Daarom daders van die Woord.

Nou kom Jakobus en gee 'n praktiese voorbeeld spesifiek ten opsigte van die gedagte van diskriminasie. Vers 1 is duidelik dat mense nie volgens die uiterlike beoordeel moet word nie. Die voorbeeld in verse 2 – 4 is sprekend daarvan. Iemand wat mooi netjies aangetrek is word by die samekoms van die gemeente met ope arms ontvang en ereplek in die byeenkoms gegee. Gewoonlik heel voor in die kerk. Die persoon wat arm na vore kom word eenkant geplaas of sommer by mense se voete. Dit is 'n plek gereserveer vir die honde.

Baie beslis is daar onderskeid gemaak op grond van verkeerde oorwegings. Hoe weet 'n mens wat in ander se harte aangaan? Hoe weet ons op grond van die uiterlike of mense se geestelike lewens reg is of nie. Vir die farisieërs en skrifgeleerdes het dit alleenlik gegaan oor die uiterlike. In die Kerk van Christus gaan dit juis oor die innerlike.

Daarom die wat in die oë van die wêreld arm is, kan juis ryk wees omdat hy/sy deur God uitverkies is.

Die probleem is dat dit baie keer die rykes is wat mense met minagting behandel, en hulle agtervolg en uitbuit. Hulle is bereid om mense hof toe te sleep, om sodoende hulle rykdom te vermeerder.

Hoe is dit bewys dan daarvan dat mense daders van die Woord is? Hoe kom die gedagte van naasteliefde hierin na vore?

As ons na vers 12 kyk (ons teksvers) dan staan daar baie mooi: "Praat en tree dan op soos mense wat geoordeel sal word volgens die wet wat vrymaak". Die gedagte sluit aan by 1: 22 en die kern gadagte van wat Jakobus in sy brief wil deurgee na die lesers van die brief.

Dit is sonde om te oordeel volgens die uiterlike. Dit is sondig om te oordeel. Paulus is duidelik in Romeine 12: 9 as dit duidelik gesê word dat die oodeel die Here toekom. Nie ek en jy nie. Jesus Christus het juis gekom om versoening tussen ons en God en tussen ons en ons medemens te bring. Nie om mekaar te oordeel oor ons uiterlike voorkoms nie. Daarom gaan dit nie oor ryk en arm, swart en wit, netjies of slordig nie. Dit gaan oor wat in die hart van mense aangaan.

Ons kan en mag nie oordeel nie. Die verantwoordelikheid rus by elke individu om seker te maak dat hy nie net 'n hoorder van die Woord is nie. Hy moet seker maak dat dit wat hy hoor toepas en uitdra in wêreld sodat die wêreld hom nie sien as skynheilig nie maar iemand wat die waarheid van die evangelie in hierdie wêreld uitdra tot eer en verheerliking van God se Naam.

**Ds. Neville Boy**
**3 Februarie 2019**